# Les 8 Regte predikante en speel-speel predikante.

**1.Wolwe in skaapsklere.**

Vandag gaan ons kyk na twee soorte predikante. Die Here wys vir ons in sy eie woorde dat daar twee soort predikante is. Kyk hoe stel die Here dit in Matteus 7:

[15]“Pas op vir die vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe. [16]Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.”

In die Bybel word predikante baie keer profete genoem. Hier wys die Here dat party predikante is wolwe in skaapsklere.

Ons ken nie regte wolwe in Suid Afrika nie. Ons sien dit net op TV. Dit is amper soos jakkalse maar net baie groter, amper soos hiënas.

Wat vir ’n ding is ’n wolf met skaapsklere aan? Dit is ’n wolf wat die vel van ’n skaap bo-oor homself aantrek sodat hy soos skape kan lyk en ruik.

Sodat hy naby hulle kan kom en hulle dan maklik kan vang en opeet!

**2.Jy ken hulle aan hulle vrugte.**

Hoe weet ’n mens wanneer is ’n predikant nie ’n regte predikant nie maar ’n wolf in skaapsklere?

Die Here sê dat jy hulle aan hulle vrugte sal ken. Dit beteken jy sal hulle kan uitken aan wat hulle doen. Hulle doen iets heeltemal anders as wat predikante moet doen.

Ons het nou in sewe lesse gekyk na hoe is ons regtig die beeld van die Here en hoe wil mense speel-speel die beeld van God wees.

Predikante moet mense leer wat in die Bybelstaan. Wanneer hulle vir ons leer wat die Woord van die Here is, dan is hulle regte predikante. Wanneer hulle vir ons die teenoorgestelde leer as wat in die Bybel staan, dan is hulle wolwe in skaapsklere.

Hulle lyk soos skape.

Hulle staan ook in die kerk en preek; hulle gebruik ook die Bybel en maak asof hulle uit die Bybel preek, maar hulle leer alles verkeerd om. Hulle maak asof God ons beeld is en leer nie dat ons God se beeld is nie.

3.**Regte vrugte en verkeerde vrugte.**

Wat het ons geleer hoe is ons God se beeld?

Ons is God se beeld omdat Hy ons gemaak het om:

- soos ons self te lyk.

- aan Hom te behoort.
- om deur Hom gesit te word waar Hy ons wil hê
- om deur die Here gebruik te word waarvoor die Here ons wil gebruik
- die Here gee ons die aarde as blyplek en sorg vir ons
- om te gaan waarheen die Here ons vat.

Wat het ons geleer hoe mag ons nooit dink oor die beeld van God nie?

Ons mag nooit dit beeld van God omdraai en maak asof:

- ons soos die Here moet lyk en mense die uitbeelding van die Here in ons lewe moet raaksien nie.
- die Here aan ons behoort
- ons die Here kan sit waar ons wil hom wil hê, soos op die troon van ons hart.
- ons gebruik die Here vir ons eie begeertes
- ons moet vir God blyplek gee binne ons hart en lewe
- ons moet die Here saamvat orals waarheen ons gaan.

So!

Wat gaan regte predikante preek en ons leer? Hulle gaan die leer ons is God se beeld omdat Hy ons maak om soos onsself te lyk!

Wat gaan predikante wat wolwe in skaapsklere is ons leer?

Hulle gaan ons leer dat ons van Jesus ’n uitbeelding binne ons lewe vir ander mense moet maak. Hulle gaan die beeld van die Here omdraai.

**4.Predikante wat wolwe is gaan jou wil opskeur!**

Wat gebeur wanneer jy luister na ’n wolf in skaapsklere?

Dan dink jy jy luister na ’n predikant en jy doen wat hy sê omdat hy ’n predikant is, maar hy skeur jou hele lewe uitmekaar.

Hy vertel jou om soos Jesus te lyk en dan mag jy nie meer soos jouself lyk soos Jesus jou gemaak het nie. Hy vertel jou dat jy Jesus moet aanneem en jou eie maak terwyl die Here jou sy eie maak.Hy vertel jou jy moet vir God ’n blyplek gee terwyl dit God is wat vir jou blyplek gee.

Kan jy voel hoe uitmekaar gaan dit jou skeur as jy dink die predikante is reg maar hy leer jou alles wat net speel-speel is en nie regtig is nie.

Hy maak dat jy alles wat speel-speel is glo en alles wat regtig is nie meer glo nie/

**5.Hulle praat ook anders.**

Die een manier waarop hulle vrugte hulle uitwys is dat hulle die beeld van God altyd verkeerd omdraai. Hulle preek altyd dat speel-speel is regtig.
Die ander manier waarop hulle vrugte hulle uitwys is net die manier waarop hulle met kinders praat.

Hulle praat amper net nooit met kinders as gewone mense nie. Hulle praat altyd anders met kinders as hulle jou verkeerd wil leer.

**Liefiespraat.**
Het julle al gehoor hoe klink dit as jou boetie of sussie met hulle kêrel of nooi oor die selfoon praat. Hierdie snaakse manier waarop hulle met mekaar praat is liefiespraat.

Raai wat?

Wanneer ’n predikant ’n wolf in skaapsklere is dan praat hy met kinders net soos boeties en sussies met hulle liefies praat.

**Suutjiespraat.**
Suutjies praat is ’n bietjie iets anders. Dit is wanneer iemand so saggies praat asof dit net jy en hy is wat mekaar kan hoor. Suutjiespraat is wanneer iemand so saggies praat asof hy teenaan jou is en amper binne in jou is.

Raai wat?

Predikante wat wolwe in skaapsklere is praat ook baie suutjies. Hulle praat asof dit net jy is en nie jou ouers is wat mag hoor wat hy sê en hy praat asof hy sommer so teen jou wil vasdruk terwyl hy met jou praat.

**Mooistorietjies praat.**
Weet julle hoe is dit as iemand mooistorietjies praat? Dit is wanneer iemand net die hele tyd stories opmaak en nie vertel wat regtig gebeur nie. Vir sulke mense is praat altyd storietyd. Hulle wil nie praat oor wat en hoe dinge elke dag regtig gebeur nie.

Raai wat?

Predikante wat wolwe in skaapsklere is, wil ook altyd net stories vertel. Hulle maak sommer stories op en dan moet jy die hele tyd net na hulle mooistories luister. Maar hulle praat nie regtig oor wat in die Bybel gebeur of wat die Here regtig doen nie. Hulle wil nie praat oor wat die Here regtig doen nie. Hulle wil net stories vertel.

**Skree-praat.**
Ken julle kinders wat nie regtig net gewoonweg met ’n mens kan praat nie, maar altyd besig is om te skree. Hulle manier van praat is om op mekaar te skree.

Predikante wat wolwe in skaapsklere is skree-praat ook. Hulle skree sommer so van die kansel oor alles en nog wat en dit lyk asof hulle die hele tyd kwaad is, maar geen mens weet hoekom hy kwaad is of waaroor hy kwaad is nie.

Dink julle ons kan van die Here leer as iemand op ons skree?

Die Here skree nooit op ons in of deur die Bybel nie. die Here praat altyd met ons. Dit is net wolwe in skaapsklere wat op kinders van die Here skree.

**Deurmekaar praat.**
Predikante wat wolwe in skaapsklere is praat die hele tyd deurmekaar. Eers praat hulle liefdes en sag met jou en dan skielik skree hulle weer op jou. Eers is hulle besig met suutjies praat en dan praat hulle weer net mooi storietjies.

**6.Hulle praat anders wat hulle draai die beeld van die Here om.**

Waarna moet ons kyk as predikante so deurmekaar praat?

Ons moet kyk wat maak hulle met die beeld van God en nie na hulle liefies-, suutjies-, mooistorie- of skreepraat luister nie.

Terwyl hulle so deurmekaar praat moet ons kyk of hulle sê:

Ons is God se beeld omdat Hy ons gemaak het om
- soos ons self te lyk.
- aan Hom te behoort.
- om deur Hom gesit te word waar Hy ons wil hê
- om deur die Here gebruik te word waarvoor die Here ons wil gebruik
- die Here gee ons die aarde as blyplek en sorg vir ons
- om te gaan waarheen die Here ons vat.

Wanneer hulle dit sê is hulle regte predikante.

Wanneer hulle alles so omdraai:
- ons soos die Here moet lyk en mense die uitbeelding van die Here in ons lewe moet raaksien nie.
- die Here aan ons behoort
- ons die Here kan sit waar ons wil hom wil hê soos op die troon van ons hart.
- ons gebruik die Here vir ons eie begeertes
- ons moet vir God blyplek gee binne ons hart en lewe
- ons moet die Here saamvat orals waarheen ons gaan.

Dan is hulle wolwe in skaapsklere!

Wat moet ’n skaap maak as ’n wolf in skaapsklere met hom praat?

Mag jy sê omdat hy soos ’n skaap lyk en ruik moet ek nou maar staan en luister! Nee! Jy moet wegloop en nooit na wolwe in skaapsklere luister nie.

Ons luister net na regte predikante. Nie na speel-speel predikante nie.